

Maandag 31 Augustus

Skrifgedeelte: Prediker 11:7 – 12:8

Fokusgedeelte: Prediker 12:1

Dink aan jou Skepper in jou jong dae

Die lewe is 'n gawe van God. Hy het jou al in die skoot van jou ma gevorm en ken jou deur en deur (Ps. 139). Hy weet wanneer jy gebore sou word en wanneer jy sal sterf. Daarom moet jy rekening hou met God dwarsdeur jou lewe.

As jy jonk is, dink jy nie aan die dood nie; jy is sterk, vol lewenslus. Dis reg so: die Prediker sê hier dat 'n jongmens sy lewe moet geniet. Die Here plaas nie 'n beperking op voluit lewe nie, dit is immers die Here wat die lewe aan jou gegee het, en jy moet die beste daarvan maak ... en dit geniet! ... maar binne die raamwerk van die beginsels wat die Here vir ons in sy Woord gee.

Die Prediker stel die jeug en die ouderdom in hierdie gedig as lewenswerklikhede. Jongmense word oud; oumense beleef die aftakelingsproses van die liggaam, maar die geleentheid wat elke gelowige moet aangryp, is 'n opregte verhouding met die Here wat in jou jeugjare reeds begin het.

Die beelde van lig en duisternis onderstreep dat ek van jongs af sonskyndae en ook donker dae sal hê. Of daar nou sonskyn- of bewolkte dae kom, vir my as gelowige sal elke dag 'n gawe uit God se hand wees. Die sonskyndae aanvaar ek met dankbaarheid en die donker dae loop ek met waardigheid in die teenwoordigheid van die Here.

Selfs die dood hou geen verskrikking in vir die kind van God nie, omdat Jesus Christus die dood oorwin het. Hy het die pad na die ewige lewe oopgemaak en daarom hoef geen gelowige – jonk of oud – bang te wees vir die dood nie, want as jy doodgaan, sterf jy in die Here as 'n mens wat in Jesus Christus deel het aan die ewige lewe.

Sing: Skrifberyming 2-4:1, 2

Ds. AH Steyn (Abel) (Lydenburg)